# KENNISGEWING

## STIGTING VAN 'N SPESIALE-AANSLAGGEBIED (SRA)

## VIR

## Jonkershoek residensiele en plaas area

**Kennisgewing geskied hiermee dat:**

1. Pieter Venter, die geregistreerde eienaar van Erf 1502, geleë te Jonkershoekweg 82, Mostertsdrift, Stellenbosch, van voorneme is om aansoek te doen om 'n Spesiale-aanslaggebied wat bekend sal staan as die **Jonkershoek SRA** te stig ingevolge Stellenbosch Munisipaliteit se Spesiale-aanslag-gebiede-verordering 2012 saam gelees met die Spesiale-aanslag-gebied-beleid in die gebied wat alle belastingbetalende eiendomme insluit wat begrens word deur:

   **Noordelike Grens:** Vanaf die kruising van Merrimanlaan en Cluverstraat langs Cluverstraat en dan volg die grenslyn die noordelike grens van erf 5412, erf 5386 en erf 14392. Die grens volg dan Simonsbergstraat en die noordelike grens van all erwe wat grens aan Unielaan en Rozendal-laan tot en met Omegastraat.

   **Oostelike Grens:** Vanaf die kruising van Rozendal-laan en Omegastraat langs die waterskeiding van alle landelike eiendom in die Jonkershoekvallei om alle residensiele en landelike eiendom in te sluit tot waar die grens weer kruis met die Eersterivier by die Karindal woonbuurt.

   **Suidelike Grens:** Vanaf die Eersterivier weswaarts tot waar die grens kruis met Van Riebeeckstraat.

   **Westelike Grens:** Vanaf die kruising van Van Riebeeckstraat en Jonkershoekweg na Jannaschstraat en dan noordwaarts tot en met die die kruising met Merrimanstraat en langs Merrimanstraat tot en met die kruising met Cluverstraat.

2. Kennisgewing van 'n Openbare vergadering met die doel om:

   i) Tersaaklike inligting rakende die aansoek te verskaf.
   ii) Praktiese implikasies te bespreek wat daarmee verband hou.

| | | |
|---|---|---|
| **Datum** | **:** | 26 Augustus 2014 |
| **Tyd** | **:** | 18:30 |
| **Plek** | **:** | Uniepark kerksaal, Stellenbosch-Sentraal NG Kerk |
| **Ligging** | **:** | Hoek van Unielaan en Martinsonstraat |

**ALLE EIENAARS VAN EIENDOM IN DIE VOORGESTELDE SPESIALE-AANSLAGGEBIED WORD VERSOEK OM DIE VERGADERING BY TE WOON.**

Vir enige navrae kontak Pieter Venter Tel: 082 920 6291

**Let wel, indien u nie die geregistreerde eienaar van die eiendom is nie word u versoek om asseblief hierdie kennisgewing onmiddellik aan te stuur na die geregistreerde eienaar en verskaf die kontak besonderhede van die eienaar aan Pieter Venter by pjventer606@me.com, 082 920 6291, sodat daar kontak gemaak kan word met die eienaar.**